

# Republikein

28.10.2008

## Theo-Ben se boodskap aan Duitsland

DUISSLAND is 'n verskoning, regstelling en vergoeding aan Namibiërs verskuldig. Elke lid van die ongelukkige Namibiese gemeenskappe wat deur die Duitse soldate doodgemaak is, was op eenderse wyse slagoffers in die stryd.

Die legendariese volksheld / Haihab, die Erongo-streek se eenman-guerillamag van die verlede, se skedel moet deur die Duitse regering aan Namibië terugbesorg word, eis die Speaker van die Nasionale Vergadering, mnr. Theo-Ben Gurirab.

Die pasverkose voorsitter van die Internasionale Parlementêre Unie het Saterdag op Usakos 'n Luke Watson- rede afgesteek toe hy 'n politieke platform van die eeufeesvieringe van die munisipaliteit van Usakos gemaak het. Hy het eenheid van optrede in die eise teen Duitsland gevra en gesê na 'n honderd jaar word die brutale erfenis van 'n volksmoord steeds deurleef.

“Ons is vry, maar verstandelik steeds verdeel,” het hy in 'n voorbereide toespraak gesê. Die blankes van die ou Suidwes-Afrika het mekaar gehaat, maar nogtans 'n enkele gemeenskap gevorm. Dit was 'n verenigde front teen swartmense, gegrond op 'n skuldgevoel en vrese vir die onbekende. Op dorpe het hulle saamgeklos.

Dit het van 'n plek soos Usakos 'n verdeelde gemeenskap gemaak. Mnr. Gurirab se kenwysie was sy seunsjare op Usakos, sy !Usa- !Khos, sy !Uikrens. Maar die Damara-seun van weleer het teruggekom met 'n boodskap dat plaaslike gemeenskappe leierskap en visie aan die dag moet lê. Hulle mag nie in eie belang optree nie, maar wel in die belang van hul mense.

Die Regering wag op daardie verenigde stem van al die gemeenskapsleiers. Dit het hom teruggebring by die dapperheid van die genoemde / Haihab. “Dit is 'n dapperheid wat deur die tradisionele leiers van die Damaras geminag word in hul spel van swye en onsigbaarheid. Hul optrede verwoes die mense namens wie hulle optree in hul soeke na erkenning.

Draai om van die eeufeesvieringe met 'n voorneme om op te tree,” het hy gesê. Oor die tradisionele woonbuurt Hakhasab op Usakos het mnr. Gurirab gesê dit is een van die gehate en bloedbevleekte Katuturas wat deur die apartheidsbewind op die mense afgedwing is.

“Hulle (die apartheidsbewind) het vandag deel van ons lewens geword, maar dit het mense nie die onmenslike en vernietigende gevolge van afsonderlike ontwikkeling gegrond op haat vir swartmense laat vergeet nie. Hoekom kon almal nie saamleef soos wat ons nou onder 'n swart regering doen nie?” Hy het na die onluste op 10 Desember 1959 in Windhoek verwys as 'n bloedbad wat 'n verandering van denke onder jongmense geskep het.

Dit was toe gewapende verset 'n opsie geword het, sê hy. Nog selfs voor sy skooljare het hy die verhale van /Haihab, die eenman-guerillamag van die Erongo-streek gehoor. Sy kop is waarskynlik onder die beendere wat die Namibiese regering van Duitsland opeis. “Ek verstaan sy standbeeld is uit die Swakopmundse museum verwyder.

Wie het dit gedoen en hoekom? Die vryheidstryd vorm 'n heldehoofstuk in ons geskiedenis. Ons is

bekend as die slagoffers van volksmoord en vele bloedbaddens, maar ook bekend vir dapperheid en standvastigheid. Ons het teenslae deur die eeue heen verduur.”

Mnr. Gurirab sê koloniale indringing het Namibië met gruwels in hul gedagtes en harte gelaat. Gemeenskappe is in reservate verander en Bybels is vir grond verruil. Daarom moet die Duitse regering ons aanhoor. Juis die Bybel skryf voor oor onreg wat van geslag tot geslag oorgedra word.